

Hoofstuk van die dag: Amos 7

> *Die Here het toe van sy voorneme afgesien, Hy het gesê: Dit sal nie gebeur nie. (vers 3, vgl vers 6)*

Blykbaar het Amos die eerste twee visioene (die sprinkane en die vuur) gesien voordat hy in Israel begin optree het. Sy gebed dat God sal vergewe (vers 2 en 5) is dan nie ’n gebed dat hulle sonde oorgesien moet word nie, maar dat God sy

oordeel sal uitstel, sodat hulle eers gewaarsku kan word, o.a. deur Amos se prediking.
'n Mens dink onwillekeurig aan Jesus se gebed vir dié wat Hom gekruisig het (Luk 23:24). Daarmee het Hy gebid om uitstel van die voltrekking van God se oordeel oor dié wat Hom gekruisig het. Iets daarvan lees ons ook by 2 Pet 3:9: "Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie […] Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer."
Interessant dat God nie vir Amos kans gee om ná die derde visioen wéér om uitstel te pleit nie. Hy sê vir Amos (vers 9): "Ek gaan hom nie meer spaar nie." Israel het nie die genadetyd wat Hy hulle gegun het, gebruik nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026